

Saterdag 16 Julie

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:1-26 (1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:20

Kinders van God selfs deur die grense van die dood (2)

“Maar nou, Christus is opgewek uit die dode” – wat ’n troos! Wat ’n waarheid!

Deur die eeue is daar baie vrae wat oor Jesus Christus gevra word. Was Hy waarlik mens en waarlik God? Was Hy net ’n besondere profeet? Is Hy uit die maagd Maria gebore? Ook word gevra: Kon Hy die dood waarlik oorwin?

Ja, leer die Skrif – Hy kon en Hy het! Hy was waarlik God en waarlik mens. Hy is uit die maagd Maria gebore, Hy was nie net ’n besondere profeet nie. Hy is dié een wat die dood oorwin het. Ons is in hierdie lewe nie net aangewese op God wat as Vader versorg nie. In Christus, wat die dood oorwin het, is daar vir ons ’n ewige Vaderhuis.

Ná sy opstanding het Jesus aan baie verskyn, maar dit is nie die sigbare sien van Hom wat ons seker maak nie. Nee, sy Gees openbaar aan ons deur sy Woord dat Hy waarlik opgestaan het.

Hy het gegaan en vir ons plek voorberei. Nou is ons kinders in sy Vaderhuis. In hierdie lewe en verby die grense van hierdie lewe. Om dit te kon doen, moes Hy die dood oorwin. Hy het! Daar is geen twyfel daaroor nie. Ons kan dit nie bewys nie. Ons kan dit nie verklaar nie. Ons weet dit, ons glo dit, ons bely dit. Ons is kinders van God selfs verby die grense van die dood. Ons Here Jesus Christus het die dood oorwin. Die laaste vyand is oorwin.

Kinders van God? Ja, nou en tot in ewigheid!

Sing: Psalm 23:2 (1936)

Ds. JG (Hannes) Noëth (Totiusdal)